12 Desember 2019

WEEKLIKSE

PITKOS

RANDAGRI

PITKOS

INHOUD

Weer
- Plaaslike weervooruitsigte
- Weervooruitsigte vir die VSA, Brasilië en Argentinië

Pariteite
Invoer- en uitvoerpariteite van geelmielies

Internasionale landbou
- VSA-landbouverslag
- Fokus op Afrika: Mosambiek

Plaaslike landbou
- In- en uitvoer van mielies

Wisselkoers
Oorsig oor die ZAR en VSA dollar-beweging

Prys-risikobestuur
Lang koopopsie-strategie (“Long call option strategy”)

PLAASLIKE

WEER



Tien-dae weervooruitsig:

Na dié week se swaar neerslae regoor die somerreënvalstreke van Suid-Afrika, dui die nuutste voorspellings aan dat droër toestande verwag kan word, behalwe teen die kuslyn van KwaZulu-Natal.

Tien-dae weervooruitsig: Noord-Amerika

Amerika kan droë weer verwag, wat die oestempo in die mieliegordel sal ondersteun. Alhoewel 92% van die oes reeds ingesamel is, word die proses vertraag as gevolg van sneeu wat die oesinsameling in die noordelike gebiede tot stilstand gebring het.



INTERNASIONALE

WEER

Tien-dae weervooruitsig: Suid-Amerika

Sleutelproduksiegebiede in Brasilië het roes op sojabone gevind, wat moontlik kan versprei weens verdere reën wat vir die gebiede voorspel word.

Die noordelike dele van Argentinië kan goeie reënval verwag wat aanplanting sal versnel.



RANDAGRI

PLAASLIKE

REËNVAL

Oos-Vrystaat

Dorp	Desember 2019 totaal	2019/20 Seisoentotaal	Desember 2018/19	Desember 2017/18
Bethlehem	57	104	77	118
Frankfort	108	223	153	220
Harrismith	33	86	28	145
Heilbron	91	247	112	202
Kroonstad	59	114	38	138
Lindley	42	67	36	23
Marquard	55	86	44	47
Senekal	70	134	38	49
Theunissen	20	58	9	55
Ventersburg	62	122	24	105

Wes-Vrystaat

Dorp	Desember 2019 totaal	2019/20 Seisoentotaal	Desember 2018/19	Desember 2017/18
Allanridge	36	79	34	73
Bloemfontein	42	60	25	30
Bothaville	48	96	35	25
Bultfontein	38	67	28	32
De Brug	35	47	20	27
Hoopstad	32	44	30	33
Losdoorns	41	80	27	58
Orkney	72	165	28	106
Viljoenskroon	65	144	19	66
Welkom	38	99	114	169
Wesselsbron	45	92	24	53

RANDAGRI

PLAASLIKE

REËNVAL

Mpumalanga

Dorp RMD	Desember2019 totaal	2019/20 Seisoentotaal	Desember 2018/19	Desember 2017/18
Amersfoort	95	195	27	156
Balfour	79	142	60	149
Bethal	22	181	97	184
Carolina	74	133	78	135
Delmas	161	373	80	122
Ermelo	236	410	159	178
Greylingstad	164	291	77	137
Hendrina	253	453	224	234
Kriel	198	368	61	154
Leandra	138	307	143	83
Middelburg	231	379	83	138
Morgenzon	348	574	100	118
Standerton	163	278	80	140
Wonderfontein	112	273	121	260

Noordwes

Dorp RMD	Desember 2019 totaal	2019/20 Seisoentotaal	Desember 2018/19	Desember 2017/18
Bloemhof	63	77	25	27
Delareyville	75	102	9	33
Derby	66	170	84	59
Klerksdorp	123	247	36	61
Lichtenburg	83	148	83	45
Ottosdal	35	575	50	58
Potchefstroom	173	242	58	75
Regina	71	129	28	107
Sannieshof	38	157	14	16
Schweizer-Reneke	28	89	32	56
Ventersdorp	106	220	104	138

RANDAGRI

INVOER- EN UITVOER-

PARITEITE



	Jan-20	Mar-20	Jul-20	Sep-20
PMB-invoerpariteit	R3 064	R3 091	R3 124	R3 060
Kaap-invoerpariteit	R2 814	R2 838	R2 845	R2 773
SAFEX geelmielies	R2 605	R2 605	R2 510	R2 528
Uitvoerpariteit	R2 223	R2 302	R2 291	R2 332

INTERNASIONALE LANDBOU

LANDBOU

FOKUS: Mosambiek

Mielies:

- Die markprys beweeg sywaarts.
- Produsente begin opgebergde graan verkoop weens hoër pryse, asook die risiko dat die kommoditeit na 'n swakker graad afgradeer kan word as gevolg van hoë reënval.
- Produksie in die afgelope seisoen is gelykstaande aan 1.7 miljoen ton.
- Verbruik staan tans op tussen 1.6 - 1.7 miljoen ton.
- Die invoersyfer vir die suidelike gebied word geskat op tussen 150 000 – 200 000 ton.

Sojabone:

- Voorraad vir verhandeling is skaars.
- 'n Vergrote oppervlak van tussen 15 – 20% kan moontlik aangeplant word weens stabiele pryse oor die afgelope drie jaar.
- Bewerings word gemaak dat sojaboonproduksie kan vergroot vanaf 70 000 ton na ’n geskatte 90 000 ton.

Landbouverslag vir die Verenigde State van Amerika (USDA)

2019/20 South American Crop Production

(millions of tonnes)

	CORN		SOYBEANS	
	Argentina	Brazil	Argentina	Brazil
USDA Dec.	**50.0**	**101.0**	**53.0**	**123.0**
Trade average	49.77	100.93	53.00	123.03
USDA Nov.	*50.0*	*101.0*	*53.0*	*123.0*
USDA 2018/19	51.0	101.0	55.3	117.0

Data sources: USDA/FAS; Reuters @kannbwx

U.S. Ending Stocks 2019/20

(USDA Dec. 10, 2019; billions of bushels)

	Actual	Trade Average	*USDA Nov.*
Corn	**1.910**	1.919	*1.910*
Soybeans	**0.475**	0.476	*0.475*
Wheat	**0.974**	1.010	*1.014*

Data sources: USDA; Reuters @kannbwx

World Ending Stocks 2019/20

(USDA Dec. 10, 2019; millions of tonnes)

	Actual	Trade Average	*USDA Nov.*
Corn	**300.56**	295.52	*295.96*
Soybeans	**96.40**	95.46	*95.42*
Wheat	**289.50**	286.18	*288.28*

Data sources: USDA; Reuters @kannbwx

PLAASLIKE

LANDBOU

Witmielies

- Uitvoer = 460 011 t
- Vorige week = 14 740 t
- Invoer = 0 t

Geelmielies

- Uitvoer = 222 975 t
- Vorige week = 6 596 t
- Invoer = 359 057 t
- Vorige week = 0 t



WISSELKOERS

R/$

DOLLAR - RAND CHART

Die Suid-Afrikaanse rand verhandel swakker teenoor die Amerikaanse dollar as gevolg van beurtkrag en onsekerhede oor die handelsoorlog tussen Amerika en China.

Uit 'n tegniese oogpunt word daar voorspel dat die Suid-Afrikaanse wisselkoers oor die kort termyn verder kan verswak.

NASIONALE EN INTERNASIONALE

NUUUS

China hoop om binnekort 'n handelsooreenkoms te bereik.

Washington het die inwerkingtreding van die volgende rondte invoertariewe op Chinese goedere geskeduleer vir 15 Desember 2019. Beijing hoop egter dat 'n ooreenkoms met Amerika aangegaan kan word voordat hierdie tariewe op meer as $156 miljoen se goedere geïmplementeer word. China dring daarop aan dat die bestaande tariewe op hul uitvoergoedere met 'n geskatte waarde van $375 miljoen laat vaar moet word, maar Amerika eis dat China hulself eers moet verbind tot onder andere sekere minimum aankope van Amerikaanse landbouprodukte.
Lees meer by:
https://www.reuters.com/article/us-usa-trade-china-talks/china-says-hopes-it-can-reach-trade-agreement-with-u-s-as-soon-as-possible-idUSKBN1YD0GP

Mening:
'n Ooreenkoms tussen die twee lande sal die uitvoer van landbouprodukte stimuleer en sodoende internasionale graanpryse verhoog.

Tekens vir normale reënval vir die res van die somerseisoen.

Die nuutste verslag van die ENSO (El-Niño Suidelike Ossilasie) wat deur die Australiese Buro vir Meteorologie vrygstel is, meen dat die somerreënvalgebiede in Suid-Afrika na normaal kan terugkeer vir die res van die somerseisoen. Die El-Niño-indeks is steeds normal, dus het die sisteem geen invloed op reënvalpatrone nie. Die Indiese Oseaan Dipool (IOD) het verswak na 0.9 °C, heelwat nader aan die ideale vlak van 0.4 °C. In Oktober het die sisteem tot 2.1 °C verhit, wat die vernaamste oorsaak vir die laat reënval in die seisoen was.

Lees meer by:
https://www.netwerk24.com/landbou/Nuus/dele-van-sa-meet-tot-300-mm-in-n-week-20191210

Mening:
Normale reënvalpatrone regoor Suid-Afrika sal graan-aanplanting stimuleer, veral in die weste, wat pryse onder druk kan plaas.

Aanplantings in Argentinië stadiger as gemiddeld

Die "Buenos Aires Grain Exchange" asook die Argentiniese regering het sojaboon-aanplanting verlede week met 100 000 hektaar vergroot. Sojaboon- en mielie-aanplantings staan tans onderskeidelik op 39% en 46.2%. In die vernaamste sojaboon-produksiestreek staan aanplanting tans op 60-65%, terwyl in die suidelike streek slegs 15-30% reeds aangeplant is. Die vernaamste mielieproduksiestreek het reeds 95% van aanplanting voltooi, maar in die suide is slegs tussen 30 – 60% voltooi. Die noordelike produksiegebied het egter nog nie met aanplanting begin nie.

Lees meer by:
http://www.soybeansandcorn.com/news/Dec5_19-Argentina-Soy-39-Planted-Corn-46-Dryer-Forecast-Worries

Mening:
Laat aanplanting wat gepaard gaan met waarskynlik laer opbrengste en derhalwe kleiner produksie, sal internasionale produksie verlaag en prys-ondersteuning bied.

OPSOMMING

- Droër weer word vir Suid-Afrika voorspel, wat die groeistadiums van reeds aangeplante graan sal ondersteun.
- Die Julie 2020 geelmielie-markprys neig nader aan uitvoerpariteit. Dit kan moontlik ’n aanduiding wees dat die mark tans ’n laagtepunt bereik het, wat die kommoditeit kans sal gee om opwaarts te verhandel.
- Die nuutste Amerikaanse landbouverslag is meestal onveranderd gelaat en is in lyn met die markverwagtinge.
- 'n Swakker rand is vandeesweek aan die orde van die dag, wat graanpryse sal ondersteun.

PRYS

RISIKOBESTUUR



Wat is ‘n lang koopopsie (“call option”)?

Die koper van 'n koopopsie koop die reg om voor die vervaldatum ‘n lang koopopsie teen ‘n vasgestelde trefprys (“strike price”) uit te oefen. Om die opsie te koop, betaal die koper ‘n premie.

Wanneer is die beste tyd om ‘n lang koopopsie-strategie uit te oefen?

Die beste tyd om ‘n koopopsie uit te oefen, is wanneer die koper van ‘n koopopsie glo die graanprys het ‘n laagtepunt bereik, en verwag dat die markprys oor die lang termyn sal styg.
Die koper sal dus geld verdien indien die graanprys hoër as die vasgestelde trefprys verhandel.

Wat as die graanprys op vervaldag laer as die vasgestelde trefprys sluit?
Indien die graanprys egter laer as die trefprys is, verbeur die opsiekoper die premie waarteen die koopopsie aangekoop is.

Strategiekoste
Die koste van die koopopsie is afhanklik van die vlak waarteen die opsie aangekoop is.

Voorbeeld
Indien **koper A** sy graan teen ‘n trefprys van R2 600/t vasmaak en die koopopsie aankoop teen ’n premie van R237/t, en die graanprys styg tot R3 000/t, sal die koper geld maak deur die koopopsie uit te oefen.

Die koper maak dan ‘n wins van R400/t (R3 000-R2 600=R400/t) wanneer hy sy koopopsie uitoefen. Na aftrekking van die R237/t premie is die nettowins R 163/t (R400-R237= R 163/t).

Sou die trefpys laer wees as die koopopsie van R260/t, byvoorbeed R2 500/t, sal die lang koopopsie verval en die enigste koste vir die koper sal die koopopsiepremie van R237/t wees.

Bulk Grain Trade and Supply
Safeguarding Prosperity
in Southern Africa
Servicing the agricultural commodity trade and grain processing communities with pride, since 2002.
Sourced, exported and delivered - directly to you.
A trusted expert on the JSE (Safex), specialising in hedging services.
Proudly delivering quality raw materials to millers and processors.
Wheat
White Maize
Yellow Maize
Sunflower Seeds
Sunflower Oil Cakes
(vegetable protein)
Soya Bean
Soya Bean Oil Cakes
(vegetable protein)
Our grains are promptly delivered to our clients' doorsteps for refining and processing.
Contact us today on +27 (0)13 243 1166 or visit www.randagri.co.za
RANDAGRI

KONTAK ONS

RANDAGRI

Tel: +27 (0) 13 243 1166
E-pos: info@randagri.co.za
Web: www.randagri.co.za
Adres: Samora Machelstraat 24,
Middelburg, Mpumalanga